Sesde Paassondag

17 Mei 2020 11:00

In isolasie tydens nasionale staat van inperking

kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Dekonstruksie: Waardes of Liefde

Skriflesing: Johannes 15:9-17

Broodjies vir die pad

Deconstruction is an approach to understanding the relationship between text and meaning. It was originated by the philosopher Jacques Derrida (1930–2004), who defined the term variously throughout his career. In its simplest form it can be regarded as a criticism of Platonism and the idea of true forms, or essences, which take precedence over appearances. Deconstruction instead places the emphasis on appearance, or suggests, at least, that essence is to be found in appearance. Derrida would say that the difference is "undecidable", in that it cannot be discerned in everyday experiences.

Deconstruction perceives that language, especially ideal concepts such as truth and justice, is irreducibly complex, unstable, or impossible to determine. Many debates in continental philosophy surrounding ontology, epistemology, ethics, aesthetics, hermeneutics, and philosophy of language refer to Derrida's observations. Since the 1980s, these observations have inspired a range of theoretical enterprises in the humanities, including the disciplines of law, anthropology, historiography, linguistics, sociolinguistics, psychoanalysis, LGBT studies, and feminism. Deconstruction also inspired deconstructivism in architecture and remains important within art, music, and literary criticism.

https://en.wikipedia.org/wiki/Deconstruction

"Orthodoxy is idolatry if it means holding the 'correct opinions about God' - 'fundamentalism' is the most extreme and salient example of such idolatry - but not if it means holding faith in the right way, that is, not holding it at all but being held by God, in love and service. Theology is idolatry if it means what we say about God instead of letting ourselves be addressed by what God has to say to us. Faith is idolatrous if it is rigidly self-certain but not if it is softened in the waters of 'doubt."

— John D. Caputo, What Would Jesus Deconstruct?: The Good News of Postmodernism for the Church

John D. Caputo is an American philosopher who is the Thomas J. Watson Professor of Religion Emeritus at Syracuse University and the David R. Cook Professor of Philosophy Emeritus at Villanova University. Caputo is a major figure associated with Postmodern Christianity, Continental Philosophy of Religion, as well as the founder of the theological movement known as weak theology. Much of Caputo's work focuses on hermeneutics, phenomenology, deconstruction and theology.

https://www.goodreads.com/author/show/17913.John_D_Caputo

"I discovered that my obsession for having each thing in the right place, each subject at the right time, each word in the right style, was not the well-deserved reward of an ordered mind but just the opposite: a complete system of pretense invented by me to hide the disorder of my nature. I discovered that I am not disciplined out of virtue but as a reaction to my negligence, that I appear generous in order to conceal my meanness, that I pass myself off as prudent because I am evil-minded, that I am conciliatory in order not to succumb to my repressed rage, that I am punctual only to hide how little I care about other people's time. I learned, in short, that love is not a condition of the spirit but a sign of the zodiac."

— Gabriel Garcia Marquez, Memories of My Melancholy Whores

Hoekom ek vir oom Sakkie op Touwsrivier bel

Dana Snyman

Dit is dag 40. Ek het vroegoggend al vir oom Sakkie Adams, die NG kerk op Touwsrivier se koster, gebel.

Dit gaan goed met hom. Hy het selfs in die vlak 5-tyd steeds elke dag in die kerk se toring opgeklim om die horlosie op te wen.

Dit is vandag die 40ste dag wat dit net ek en die drie honde hier in die huis is. Alleen.

Veertig is 'n magiese getal. Tydens die Bybelse sondvloed het dit vir 40 dae en 40 nagte lank gereën. Jesus het hom vir 40 dae in die woestyn afgesonder om te dink en te vas.

Veertig dae is die simboliese tydperk wat glo nodig is om regtig 'n verandering in jou lewe te maak. Het iets in my in hierdie afgelope 40 dae verander? Ja.

Ek het vanoggend 'n bietjie gevoel soos 'n rower moet voel toe ek gemasker by die OK Foods op Saldanha ingestap het.

Dit is asof ons almal 'n bietjie vinniger tussen die winkelrakke beweeg vandat ons verplig is om maskers te dra. Jy stap vinnig na die rak toe, vat wat jy wil hê, en gaan betaal.

Miskien word ons in hierdie tyd bewus van hoeveel dinge oorbodig is in ons lewe. Ek het 'n foto met my selfoon geneem van die rak in Checkers waarop die tandepasta uitgepak is. Hoe bedorwe het ons nie geraak nie. Ek het getel: Daar was 38 verskillende soorte tandepasta. Banaal!

Die masker-draery gee 'n mens nogal begrip vir hoe dit vir sommige Moslem-vroue moet voel om in die openbaar te beweeg. Dit kan nie lekker wees nie.

Iets ontstellend het in hierdie 40 dae met my gebeur: Ek mis nie die rugby nie.

Ek lees steeds elke dag eerste die sportberigte in die koerant, maar ek voel op die oomblik oor Nuweland en Loftus soos ek oor Mars voel. Jake White kan net sowel Spock van Star Trek wees. Ek hoop my rugbylus kom terug.

Al die stilte doen 'n mens goed. Jy begin bewus raak van jou emosies op dieselfde manier wat jy bewus is van elke dag se weer en die stand van die maan en die see se getye.

Jy kom agter hoeveel woorde gebruik jy al vir jare sonder dat jy ooit mooi gedink het wat presies jy bedoel wanneer jy die woord gebruik: Geloof. Hoop. Liefde.

Ek het weer gaan lees wat Rebecca Solnit oor hoop skryf in Hope in the Dark: “The hope I am interested in is about broad perspectives with specific possibilities, ones that invite or demand that we act. It’s also not a sunny everything-is-getting-better narrative…”

Hoop is die simboliese olyftakkie wat die duif vir Noag na die ark toe gebring het.

Dis hoekom ek vanoggend vir oom Sakkie op Touwsrivier gebel het.

Hy klim al vir 11 jaar elke dag in die kerk se toring op om die horlosie op te wen. Touwsrivier het nie meer ’n predikant nie, en by die laaste diens in Desember was slegs 36 mense.

“Hulle sê dis nog een van die min kerkhorlosies wat loop,” sê oom Sakkie.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/hoekom-ek-vir-oom-sakkie-op-touwsrivier-bel-20200508

“Caged Bird

A free bird leaps on the back of the wind
and floats downstream till the current ends
and dips his wing in the orange suns rays and dares to claim the sky.

But a bird that stalks down his narrow cage
can seldom see through his bars of rage
his wings are clipped and his feet are tied so he opens his throat to sing.

The caged bird sings with a fearful trill
of things unknown but longed for still
and his tune is heard on the distant hill
for the caged bird sings of freedom.

The free bird thinks of another breeze
and the trade winds soft through the sighing trees
and the fat worms waiting on a dawn-bright lawn and he names the sky his own.

But a caged bird stands on the grave of dreams
his shadow shouts on a nightmare scream
his wings are clipped and his feet are tied so he opens his throat to sing.

The caged bird sings with a fearful trill
of things unknown but longed for still
and his tune is heard on the distant hill
for the caged bird sings of freedom.”

— Maya Angelou, The Complete Collected Poems

Brood vir die pad

Staat as ‘sterflike god’ – is hy skurk of beskermer?

RRV

Einde verlede jaar lewer die Nederlandse politieke filosoof en teoloog Theo de Wit sy professorale afskeidsrede aan die Universiteit van Tilburg oor die tema “De moderne staat als sterflijke god: Over schurken en schurkenstaten”.

De Wit, ook buitengewone professor in sistematiese teologie aan die Universiteit Stellenbosch, gee in sy lesing uitvoerig aandag aan die historiese ontwikkeling en relevansie van die gedagte van die staat as aardse of sterflike god.

Hy verwys onder meer na die politieke denker Thomas Hobbes se beskrywing van die totstandkoming van die staat in sy boek Leviathan (1651).

Vir Hobbes is dit asof mense vir mekaar sê dat hulle die reg om hulself te regeer sal afstaan, mits die ander dit ook doen. Vanuit dié kontrak ontvang die staat sy soewereine mag. “Dit is die geboorte,” skryf Hobbes, “van die groot Leviatan . . . van die sterflike god, aan wie ons onder die onsterflike God ons vrede en veiligheid te danke het.”

Hobbes ontwikkel, ten tye van burgeroorloë en godsdienstige konflikte, sy gedagtes oor die staat as ’n soort goddelike grootheid teen die agtergrond van wat hy die “natuurtoestand” noem, ’n toestand wat deur kompetisie, wantroue en eersug gekenmerk word, ’n “war of all against all,” met die lewe as “solitary, poor, nasty, brutish, and short”.

In hierdie konteks word die staat as ’n noodsaaklike en ontsagwekkende entiteit verwelkom om beskerming, orde en voorspoed te verseker.

Maar saam met dié wins is daar ook, soos De Wit in sy lesing onderstreep, ’n slang in die gras. As ’n wet-en-kontrole-meganisme is die staat ’n potensiële skurk of monster (Hobbes ontleen immers die benaming “Leviatan” aan die seemonster in Job).

Die Nederlandse skrywer Arnon Grunberg begin ’n onlangse koerantartikel, waarin hy by De Wit se afskeidsrede aansluit, met ’n aanhaling van die 19de eeuse Spaanse filosoof Juan Donoso Cortés: “Mense soek oor die algemeen nóg die waarheid nóg die werklikheid, maar alleen die gevoel van veiligheid”. Grunberg voorsien dan ook in die lig van die korona-pandemie ’n reeks noodtoestande waar kontrolemeganismes toenemend swaarder weeg as vryhede. En waar mense, ter wille van die gevoel van veiligheid, kwalik protesteer.

Waar laat hierdie beskouinge ons? Hopelik ten minste met ’n kritiese bewussyn van hoe ons behoefte aan veiligheid ons kan laat abdikeer van ons burgerlike verantwoordelikheid om magsmisbruik te benoem en moedig uit te daag. Of om dit teologies te stel: Tye soos hierdie vra vir pastorale bewoëndheid én profetiese waaksaamheid.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/geestelike-waardes-staat-as-sterflike-god-is-hy-skurk-of-beskermer-20200509

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

Seën

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877